## DANKIE JESUS ♥
## April–Junie 2015

## HEY! Brokkies Nuus

HOPE EXPLOSION YOUTH MINISTRIES

**Die winterreën het begin val in die Kaap maar hier by HEY! reën dit al heel jaar druppels van God se guns en goedheid en Hy gee nuwe geleenthede waar ons kan bedien!! In 2015 het ons weer geleer dat Jesus as Koning regeer en ons moet rustig wees as deure soms toegaan want Hy het reeds beter planne in gedagte...*"Wees stil en weet dat Ek God is" Ps 46:10* is waar. Ons vertel in die nuusbrief van die nuwe bedieninge wat die Here oopgebreek het waar in totaal sowat 450 kinders bygekom sedert April '15**



Die gedugte span Map4Life (Beaumont gr7) groepleiers



"MAP 4 LIFE" BEAUMONT SE GR7 GROEP

### 1.Beaumont gr7 "MAP4LIFE" skop af:

A.g.v. veranderinge by Beaumont se klasse het die geleentheid oopgegaan om die gr7 groep ook te bedien in klasverband. **Ricky, Michelle, Martin, Paul, Esmari en Marcelle** is die 6 passievolle mense wie die klasse aanbied aan die sowat **180 kinders**! Ons gebruik **SCAS se "Teen games"** gebaseer op die verhaal van Paulus wat fokus op sy avonture toe hy gekies het om Jesus te volg (sleg en goed!) **Die parallel fokus in die lewe van kinders wie drome het maar ook sukkel met struikelblokke wat hulle kan ontmoedig. In die program sal kinders kan reflekteer oor onderwerpe soos selfbeeld, nederlaag en oorwinning, frustrasie en vriendskap.** Hulle sal leer om soos Paulus vertroue in God te stel ten spyte van probleme wat mag opduik in die lewe! Dis so 'n belangrike jaar en ons is dankbaar vir die geleentheid!



"KFC" by De Hoop se gr6 en 7's

### 2.KFC (Kids for Christ) by De Hoop

waar die **gr6 en 7 leerders** tydens pouse bedien word met **Sout van die Aarde leierskap program**-daar is sowat **35 kinders.** Hierdie kinders leer van leierskap soos Jesus ons in die Bybel geleer het en ons het groot pret! **Jess** kom met vars idees en **JC** kom kuier ook terwyl ons baie lag terwyl die kinders meer leer. Hier is die leiers van more!

**3. Die gr4 groep by Danie Ackermann** het begin met die **Hope 4 Kids** program–daar is sowat **140 kinders** wat weekliks toegerus word om die Evangelie op 'n prettige manier te leer. **Kinders het 'n behoefte aan:*** die verstaan van die evangelie *'n persoonlike verhouding met Jesus Christus en *die vermoë om die evangelie met familie en vriende te deel. Dis wat ons hulle leer! Ons is dankbaar vir **Lea, Lise, Kirsty, Gayle en Clive** wie hier help.



Danie Ackermann se gr4 groep doen Hoop vir Kinders



HOPE&LIGHT se gr5 klas doen Explorers Club

**4.Hope&light skool** in Somerset-Wes se skool bestaan uit 5 klasse **gr1 tot 5** (een klas elk) en hulle word bedien met programme van **Mailbox club** vir gr1,2,3 en 5 en gr4 doen **Hope4 Kids**-daar is sowat **125 kinders.** Dis heerlik om **Henrietta, Nancy, Pat, Michelle, Ronel en Helga** te hê wie hier help. Ons is besig om lekker verhouding te bou hier!

***By huidige skole asook die nuwe bedieninge was daar baie kinders wie die laaste kwartaal 'n keuse vir Jesus gemaak het as hul Verlosser en Here! ♥ Ons eer God daarvoor!***